# MOONSTONE EKSAMEN LIGGAAM – REGULATORIESE EKSAMENS SKEDULE 2015

RE 51 - Eerste Vlak Regulatoriese Eksamen: FDV's (eenmansake) en sleutelpersone in kategorieë I, II, IIA, III en LV
RE 55 - Eerste Vlak Regulatoriese Eksamen: Verteenwoordigers

**REGISTRASIE PROSES**

**Telefoniese registrasies :** Kandidate kan registreer deur die volgende nommer te skakel: (021) 888 9796.
**Elektroniese registrasies :** Kandidate kan elektronies registreer deur na die volgende webwerf te gaan: www.faisexam.co.za

**BELANGRIKE ASPEKTE:**

- Registrasie afsnypunt (Saterdae, Sondae en Publieke vakansiedae uitgesluit) voor die eksamen datum ten einde 'n gladde verloop van registrasie en betaling te verseker:
  - **11 werksdae** by die Permanente Sentrums, naamlik Kaapstad Pinelands, Durban Musgrave, Pretoria Brooklyn en Johannesburg Sandton
  - **13 werksdae** by die Sateliet lokale naamlik Polokwane/Pietersburg, Bloemfontein en Port Elizabeth
- Indien u geen bevestiging van besprekings en/of aanwysings ontvang het vanaf faisexam@moonstoneinfo.co.za, kontak die Registrasie Afdeling by 021 888 9796 of 021 883 8000.
- Veranderinge van besprekings – **STRENG** onderhewig aan die voorgeskrewe kansellasie klousule soos voorgeskryf deur die Raad op Finansiële Dienste(RFD).
- Betalings - Betaling moet gemaak word binne 24 uur na registrasie om die bespreking te bevestig. Die faktuur nommer moet as verwysing gebruik word. Faks die bewys van betaling na 086 764 5342. Met ontvangs van betaling, op voorwaarde dat dit nie 'n laat betaling is nie, sal u deur faisexam@moonstoneinfo.co.za 'n e-pos ontvang wat die eksamen, plek, datum, sessie,en die formaat sal bevestig.
  **Let wel** - Indien betaling nie binne 24 uur na registrasie ontvang is nie, sal die bespreking outomaties gekanselleer word deur die registrasie stelsel.
- Laat betalings - geen laat betalings sal aanvaar word nie. In die geval dat die bespreking reeds gekanselleer is, sal 'n nuwe bespreking vereis word, waarvoor die betaling aangewend sal word.
- **Bywoning - Kandidate word versoek om 30 minute voor die aanvang van die eksamensessie by die betrokke eksamen lokaal te wees.**
- Die toesighouer begin die eksamen reëls te verduidelik, 30 minute voor die eksamen begin.
- Identifikasie - Kandidate word verplig om hulself positief te identifiseer by die eksamen lokaal deur middel van 'n geldige identiteitsdokument / bestuurders lisensie / paspoort, alvorens kandidate toegelaat sal word tot die eksamen. Suid-Afrikaanse burgers moet 'n geldige identiteitsdokument toon en burgers van ander lande moet 'n geldige paspoort toon.
- Resultate - Kandidate sal in kennis gestel word van die eksamen resultate per e-pos, twintig werksdae na die aflê van die eksamen. Indien die eksamen suksesvol geslaag is sal n sertifikaat uitgereik word. (slegs per e-pos)
- Moonstone Information Refinery behou die reg voor om eksamen datums te verskuif na 'n volgende beskikbare datum weens n tekort aan die minimum aantal kandidate benodig per lokaal. (10 Kandidate per eksamen sessie)

# SKEDULE & EKSAMEN LOKALE

## WES KAAP

| Stad | Naam & Adres | Lokaal | Datum | Tyd: Sessie | Tyd: Sessie | Registrasie sluitings datum |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kaapstad / Pinelands** | **Kaapstad Pinewood Park**<br>H/v Forest Drive & Lonsdale Rylaan,<br>1ste Vloer - Pinewood Park,<br>Pinelands, Kaapstad | Moonstone | 16.02.2015<br>09.03.2015 | 09h00vm<br>09h00vm | 13h30nm<br>13h30nm | 30.01.2015<br>20.02.2015 |

**Aanwysings**:
Vanuit Kaapstad in die rigting van die lughawe op die N2 Hoofweg, neem die Pinelands/ Raapenberg (M52) afrit na links. Ry verby die Vincent Palotti Hospitaal (links) en die Mowbray golf klub (regs) en oor die treinbrug – Raapenburg word Forest weg. Ry verby die BP Vulstasie op die hoek van St Stephens weg (links) en ry verby Princess Path met Pinelands Hoërskool op die hoek (regs). Draai regs 100 meter verder by die volgende straat: Lonsdale weg en die eerste ingang links in die parkeer area. Die kantore is aan die linkerkant – om die “Pinewood Park” blompot in die parkeer area met ‘n sekuriteits-valhek by die ingang.

## GAUTENG

| Stad | Naam & Adres | Lokaal | Datum | Tyd: Sessie | Tyd: Sessie | Registrasie sluitings datum |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Johannesburg-Sandton, Benmore** | **Johannesburg-Sandton, Benmore Gardens Inkopie Sentrum,**<br>2de Vloer, Kamer 221<br>Kantoor Blok,<br>Sandton<br>Johannesburg | Moonstone | 16.02.2015<br>09.03.2015 | 09h00vm<br>09h00vm | 13h30nm<br>13h30nm | 30.01.2015<br>20.02.2015 |

**Aanwysings**:
Vanaf die M1 (Noord), neem die M40 Noord afrit na links in Grayston Weg. Ry verby Innesfree Park aan die regter kant en kruis die groot kruising van Grayston en Katherine straat (M85). Ry verder aan in Greyston en kruis Rivonia Weg (M9). Draai regs by die volgende kruising in Benmore Rylaan - Benmore Gardens inkopie-sentrum is aan die linkerkant, ingang na die parkeering is 50 meter verder aan die linkerkant.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Pretoria Brooklyn** | **Pretoria Brooklyn Bank Forum Gebou**<br>Portaal 2<br>2de Vloer<br>Bank Forum Gebou<br>H/v Fehrsen & Veale Straat<br>Brooklyn | Moonstone | 16.02.2015<br>09.03.2015 | 09h00vm<br>09h00vm | 13h30nm<br>13h30nm | 30.01.2015<br>20.02.2015 |

**Aanwysings**:
Vanaf die N1 (Noord), neem die Atterbury afrit. Waar die pad vurk, hou links in Charles straat (M11). Hou aan met Charles straat en kruis Brooklyn Weg. Kruis nog 4 strate –die laaste een is Alexander straat. Draai links by die groot kruising in Duncanstraat – nou M7, Jan Shoba straat. Ry links halfpad om die sirkel en verby Oliver straat, ry dan reguit aan in Fehrsen straat, met Brooklyn sentrum aan die regter kant. Draai regs by die volgende straat in Veal Straat in. Brooklyn sentrum is aan die regterkant. 50 meter verder, links, is die sekuriteits-ingang na Bankforum. Lobby 2 is die verste gebou van die sekuriteits-ingang af, aan die regter kant. Parkeering is oorkant die lokaal by Brooklyn sentrum. 'n Padkaart is beskikbaar by ons Logistieke afdeling (021) 883 8000

## LIMPOPO

| Stad | Naam & Adres | Lokaal | Datum | Tyd: Sessie | Tyd: Sessie | Registrasie sluitings datum |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polokwane/ Pietersburg** | **Polokwane / Pietersburg venue 2 - Pro Deo Kamer 5**<br>h/v Biccard & Grobler<br>**Ingang**: 30 Groblerstraat<br>Polokwane,<br>Pietersburg | Groot Saal | 16.02.2015<br>09.03.2015 | 09h30vm<br>09h30vm | 14h00nm<br>14h00nm | 28.01.2015<br>18.02.2015 |

**Aanwysings:**
Op die N1 Noord in 'n Oosterlike direksie, kruis die sirkel by die aansluiting (van Nelson Mandela na links & Campbell na regs) met 180 grade en gaan reguit voort. Die pad vurk na links in Grobler – een rigting - & die aankomende verkeer na regs loop in Thabo Mbeki str. (Daar is 2 Thabo Mbeki's – die 1 Noord-Suid een rigting (N1 Suid)), gekoppel met die Oos Wes een rigting parallel na Grobler by n 90 grade hoek (steeds die N1 suid en in die teenoorgestelde rigting na Grobler str). Steeds in Grobler str, kruis Schoeman & Hans van Rensburg str. Ry aan met besighede aan albei kante en kruis Biccard str. Die Groot NG Gemeente Kerk is op die linker.

| VRYSTAAT | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Stad** | **Naam & Adres** | **Lokaal** | **Datum** | **Tyd: Sessie** | **Tyd: Sessie** | **Registrasie sluitings datum** |
| **Bloemfontein** | **Bloemfontein-Wes NG Kerk**<br>45 Victoria Weg<br>Willows, Bloemfontein<br>9301 | Kerk saal | 16.02.2015<br>09.03.2015 | 09h30vm<br>09h30vm | 14h00nm<br>14h00nm | 28.01.2015<br>18.02.2015 |

**Aanwysings:**
Vanaf die een rigting N8 Zastron straat, draai regs in R706 Markgraaff straat, by die St George straat kruising – Markgraaff word President Boshoff straat– ry reguit aan, die Sentral Universiteit van Tegnologie is aan die linker kant, kruis Park straat en ry verby King Edward straat (T-rigting) aan die regter kant, by die volgende kruising, draai regs in Victoria straat – die M11. Ry verby HTS Louis Botha aan die linker kant en dan verby Harris straat & Dr Viljoen skool aan die regter kant. Dan verby Rosenview skool – ook links. Ry reguit aan. Kruis die kruising met Faure straat en ry verby Willow view aan die linker kant. Die kerk is ook links (net voor Parfitt straat na regs en die sirkel na Halden straat).

| Kwazulu Natal | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Stad** | **Naam & Adres** | **Lokaal** | **Datum** | **Tyd: Sessie** | **Tyd: Sessie** | **Registrasie sluitings datum** |
| **Durban** | **Durban Musgrave Sentrum**<br>13 de Vloer Musgrave Sentrum<br>Kamer nommer 1306<br>115 Musgrave Rylaan<br>Durban | Moonstone | 16.02.2015<br>09.03.2015 | 09h00vm<br>09h00vm | 13h30nm<br>13h30nm | 30.01.2015<br>20.02.2015 |

**Aanwysings**:
Vanaf die N3 Hoofweg in die rigting van Durban-sentraal, draai links af na die M10, Felix Dlamini Rylaan wat Brickfield word. Vanaf Brickfield rylaan draai regs na Kenilworth Rylaan. By die T-aansluiting draai links in Peter Mokaba Rylaan en amper onmiddelik regs in St Thomas Rylaan. Verby die Berea Sport veld aan die linker kant en draai regs in Musgrave Rylaan. Ry reguit af met die pad. Die Musgrave inkopie sentrum is aan die regterkant: 3 blokke weg vanaf die Botaniese tuine en Natal Herbarium. Die ingang na die 13de vloer is vanaf binne die gebou verby die Mug & Bean restaurant en die ingang na die hyser is verby die Poskantoor aan die regter kant – op na die 13de vloer, kamer 13 – 06.

| OOS-KAAP | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Stad** | **Naam & Adres** | **Lokaal** | **Datum** | **Tyd: Sessie** | **Tyd: Sessie** | **Registrasie sluitings datum** |
| **Port Elizabeth** | **Port Elizabeth PPK Kabegapark**<br>Headingly Road<br>Kabega Park<br>Port Elizabeth<br>6001 | Kerk saal | 16.02.2015<br>09.03.2015 | 09h30vm<br>09h30vm | 14h00nm<br>14h00nm | 28.01.2015<br>18.02.2015 |
| **Aanwysings:**<br>Vanaf Kaapweg,ry in die rigting van die N2 (Wes). Waar die pad vertak, neem die M15 Kragga Kamma Pad na links.Ry deur Sunridge Park – verby Samantha Weg (Way) (op die regterkant) en verby Circular Drive (aan die linkerkant).Net verby Vitry Avenue, draai regs in Kabega Pad, dan links in Walker Drive. Ry verby vier strate en draai regs in Caledonstraat. Ry verby nog vier strate en draai regs in Headinglystraat – die kerk is net af van Caledonstraat, aan die linkerkant.<br>Kontak asb die logistieke afdeling vir 'n padkaart - (021) 883 8000 | | | | | | |